




EKSAMENPROSEDURE: ELEKTRONIESE SEKURITEITSTELSEL



A. VOORBEREIDING VAN DIE ELEKTRONIESE GLAM-SLEUTEL

U moet ten minste **'n uur en 'n half** voor elke sessie u elektroniese GLAM-sleutel voorberei.

1. Skakel die elektroniese GLAM-sleutel aan deur die kragknoppie  in te hou totdat die vertoonskerm aangaan en die groen liggie voortdurend vertoon.
2. 'n Blou balkie (data bar) sal oor die vertoonskerm beweeg en moet as "DATA TRANSFER BUSY" vertoon. Wag vir die elektroniese GLAM-sleutel om as "READY" te vertoon voor enige aksies uitgevoer word.
3. **Laat 'n paar sekondes toe vir die GPS en GSM om 'n netwerkverbinding te bewerkstellig.** Die satelliet-ikoon sal geel vertoon.

B. AFLAAI VAN DIE ROOSTERS

Elke Dinsdag/Woensdag van elke week gedurende 'n eksamentydperk, sal 'n e-pos en SMS aan die prinsipaal/sentriumbestuurder gestuur word waarin opdrag gegee word om die spesifieke skool of eksamensentrum se roosters/sessies af te laai.

1. Maak seker dat die elektroniese GLAM-sleutel se status as "READY" vertoon.
2. **Druk die "lock"- en "unlock"-knoppies gelyktydig om die beskikbare roosters/sessies af te laai. Terwyl "DATA TRANSFER BUSY" vertoon, wag vir die GROEN en dan die BLOU oordragbalkies om heeltemal oor die skerm te beweeg.**
Nadat die aflaaiproces suksesvol voltooi is, sal die beskikbare getal roosters/sessies op die geel slot aan die bokant van die vertoonskerm verskyn. Die sessies kan op die elektroniese GLAM-sleutel geverifieer word deur die kragknoppie een keer te druk. U kan deur die sessies blaai deur elke keer die kragknoppie te druk.
3. Die elektroniese GLAM-sleutel is nou **gereed om gebruik te word.**

C. OOPMAAKPROSES

Moet **'n uur voor** elke eksamensessie gedoen word.

1. DRUK die elektroniese GLAM-sleutel **HEELTEMAL** in die ROOI SEËL in. Maak seker dat die verbinding tussen die elektroniese GLAM-sleutel en die rooi seël stabiel bly.
2. Druk die **"UNLOCK"** -knoppie en moet **DIT NIE VERWYDER** voordat die "unlocking and transfer"-proses heeltemal voltooi is **NIE** (wag vir die groen balkie en dan die blou balkie om **heeltemal** oor die vertoonskerm te beweeg).
3. **VERWYDER DIE ELEKTRONIESE GLAM-SLEUTEL EN SLUIT DIE SEËL (slot) OOP** sodra die "AUTHORISED UNLOCKING" suksesvol voltooi is (**die seël sal nie oopsluit terwyl die elektroniese GLAM-sleutel nog in die rooi seël is nie**).

D. SLUITPROSES

Moet **binne een uur ná** die afloop van elke eksamensessie gedoen word.

1. Maak seker dat die seël toe is en presies oor die knip van die sluitbare swart seilsak geplaas is.
2. DRUK die elektroniese GLAM-sleutel in die rooi seël (maak seker dat die verbinding tussen die elektroniese GLAM-sleutel en die rooi seël stabiel is).
3. Druk die **"LOCK"** -knoppie en moet **DIT NIE VERWYDER** voordat die "locking and transfer"-proses heeltemal voltooi is **NIE** (wag vir die groen balkie en dan die blou balkie om **heeltemal** oor die skerm te beweeg).
4. Sodra die sluitproses voltooi is, wag vir die "DATA TRANSFER" om klaar te laai.
5. **LET WEL:** Maak seker dat die elektroniese GLAM-sleutel gelaai is en dat die batterysterkte bestendig is vir die duur van die eksamentydperk.